

Liturg: Ds Johan Willemse

Teks

1 Korintiërs 12:1-27

Heidelbergse Kategismus:

Sondag 21: Vraag en Antwoord 55

Tema:

Deelgenote in die skatte van Christus, maar ook
uitdelers van daardie gawes.

Datum:

20 September 2026

1. Inleiding

Geliefdes in ons Here Jesus,

Het jy al ooit ingestem tot 'n saak wat jy nie ten volle verstaan nie?

Kom ons vra dit 'n bietjie anders: Het jy al ooit ingeskryf vir iets, maar voordat jy dit kan afhandel moet jy eers deur twaalf bladsye se *voorwaardes en bepalings* lees? Hoeveel van ons kan regtig sê dat ons alles deurgaans voordat ons ons toestemming gee?

Ons lewe in 'n tyd waarin byna alles agter *voorwaardes en bepalings* wegkruip.

En dit is natuurlik nie sonder rede nie. Vryheid en selfbeskikking is vir die moderne mens baie belangrik. Daarom is daar wette en regulasies opgestel om ons te beskerm. Maar die ironie is, hierdie wette en regulasies het eintlik 'n negatiewe uitwerking op die samelewing.

Aan die een kant het mense besef dat hulle die lys van voorwaardes en bepalings net langer en meer ingewikkeld kan maak, want dan gaan niemand dit lees nie. En hoe langer die lys, hoe meer word die maatskappy beskerm en hoe meer word daar geheimsinnig verpligtinge op die inskrywer geplaas.

Aan die ander kant het hierdie 'n geweldige negatiewe invloed op mense. Ons is so gewoond aan lang lysse van *voorwaardes en bepalings*, dat ons dikwels nie meer omgee nie. Ons soek die “*gee toestemming*” blokkie, sodat ons net kan voortgaan. Hierdie selfde ingesteldheid spoel oor tot die res van ons lewe.

Ons dink nie meer oor die implikasies van ons besluite nie. Ons skenk nie meer tyd en aandag daaraan om na te dink oor die gewig en belangrikheid van sake nie. En geliefdes, dieselfde is waar in ons kerke.

Neem byvoorbeeld ons gemeente. Die grootste deel van ons gemeente bestaan uit belydende lidmate. Dit is met ander woorde gelowiges wat openlik verklaar het dat hulle glo en vashou

aan die artikels van die Christelike geloof. Daarmee saam bely ons elke Sondag: “*Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges.*”

Maar broers en susters, besef ons die implikasie van hierdie belydenis? Begryp ons werklik hoe diep en gewigtig hierdie artikel van ons belydenis is? Of het dit net *nóg een van daardie dinge* geword waartoe ons instem, sonder om ten volle te verstaan?

Ek vermoed die opstellers van die Heidelbergse Kategismus het reeds in hulle tyd ’n soortgelyke tendens gesien. Daarom is Sondag 21, Vraag 55 baie gepas wanneer dit vra: “*Wat **verstaan** jy onder die gemeenskap van die heiliges?*”

Kom ons kyk dan vanmore hoe ons hierop antwoord met ons belydenis.

2. Liggaam

2.1. **Onderlinge verbondenheid:**

In die eerste plek bely ons in Sondag 21 dat die *gemeenskap van die heiliges* begin by **ons verhouding** met Jesus. Om in Jesus te glo, beteken nie dat ons 'n klomp dinge van Hom weet nie. Dit beteken dat ons aan Jesus **verbonde** is. Of anders gestel, ons is in Christus of het eenheid met Hom.

In Johannes 15 gee Jesus vir ons 'n pragtige beeld om dit te verduidelik. Hy sê dat Hy die ware wingerdstok is en dat ons die lote is. Wanneer ons in Hom glo, dan word ons in Hom ingeënt. Op ons eie is ons dooie takkies wat niks kan doen nie. Maar deur die geloof kry ons 'n hegte **eenheid met die Ware Wingerdstok**. In Hom kry ons dan waarlik voeding en lewe.

Hierdie eenheid en verbondenheid met Jesus, hierdie wonderlike verhouding met die Here Christus, noem die kategismus **die gemeenskap van die heiliges**.

Maar kyk mooi. Ons bely dat hierdie *gemeenskap* iets is wat ons "almal saam" besit, maar ook iets waaraan ons "elkeen afsonderlik" deel het. Om dit te verduidelik gebruik 1 Korintiërs 12 die **beeld van 'n liggaam**:

Die lewe van Jesus vloei deur ons, soos bloed deur 'n liggaam vloei. Hierdie lewe is aan ons gegee, omdat die Heilige Gees dit in ons gewek het. Omdat elke gelowige die Heilige Gees ontvang, wat ons almal aan dieselfde Hoof bind, vorm ons een liggaam. Of soos vers 13 sê: Omdat ons met *een Gees gedoop word*, en *deur die een Gees deurdrenk is*, het ons een liggaam geword (1 Kor. 12:13).

Al bestaan 'n liggaam uit verskillende lede, is dit steeds 'n eenheid, terselfdertyd is ons almal unieke mense. Ons kom van verskillende agtergronde, met verskillende oortuigings, opinies en omstandighede. Maar deur die een Gees word ons aan dieselfde Here en Hoof verbind en daarom is ons een liggaam.

Om net vinnig saam te vat: Wanneer ons bely dat ons glo *aan die gemeenskap van die heiliges*, sê ons dat ons, almal saam en elkeen afsonderlik, **lede** van Jesus is en met Hom **gemeenskap** het. Ons het 'n hegte verhouding met Jesus, 'n verhouding gesmee in liefde wat ons ontvang uit genade. En niks en niemand kan ooit hierdie verhouding breek of wegvat nie!

Hoe wonderlik is dit nie?

2.2. Die skatte en gawes van Christus:

En tog, geliefdes, hou ons belydenis nie hier op nie. *Die gemeenskap van die heiliges* beteken nie **net** dat ons as lede van Jesus met Hom gemeenskap het nie, maar dat ons ook deel kry aan al sy skatte en gawes!

Skatte verwys na die onbeskryflike rykdom van genade wat elkeen van ons in Jesus ontvang. Almal van ons ontvang die ware en ewige lewe. Ons kry 'n lewende hoop en ware vreugde. Ons ontvang 'n erfenis wat deur God self in die hemel vir ons bewaar word en 'n troos wat alle verstand te bowe gaan. Bowenal kom maak die Heilige Gees sy woning in elkeen van ons en sal Hy altyd by ons bly.

En elke gelowige het onbeperkte toegang tot hierdie wonderlike skatte.

Maar as lede van Jesus het elkeen van ons afsonderlik ook **gawes** ontvang. Hierdie gawes is nie iets wat ons in ons eie vermoë besit nie. Dit is 'n geskenk wat aan ons elkeen gegee word. Dit is genadegawes (1 Kor. 12:4).

Maar geliefdes, ons gaan nie vandag fokus op *wat* hierdie gawes alles is nie. Ons gaan egter net vinnig na twee belangrike punte oor genadegawes kyk.

1. Die eerste punt is dat elke gelowige 'n genadegawe deur die Gees ontvang. Wanneer Christus sy gawes uitdeel, dan word niemand in die kerk oorgeslaan nie, niemand in ons

gemeente sit sonder gawe nie. Vers 7 sê: “Aan **elkeen** afsonderlik word ’n werking van die Gees gegee.”

2. Die tweede punt is dat hierdie genadegawes deur die Drie-Enige God aan ons gegee word. In vers 4-6 sien ons dit baie duidelik. Ons gawes, roeping en bediening kom deur dieselfde Gees (12:4), van dieselfde Here (12:5) en van dieselfde God (12:6). Dit is die Here Jesus self wat hierdie gawes uitdeel (Ef. 4:7), maar terselfdertyd is dit ook ’n werking van die Gees (12:7). Vers 18 vang dit vir ons mooi vas: “*Nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê.*”

En geliefdes, hierdie twee punte het die heerlikste implikasies vir ons. Omdat elkeen van ons ’n gawe ontvang, en omdat dit aan ons gegee word deur God Drie-Enig volgens sy wil, daarom beteken dit dat ons gawes **nodig** en **waardevol** is.

- Christus se kerk het jou en jou gawe **nodig**. Die Here maak nie onnodige gelowiges wat geen nut in sy liggaam het nie. Hy gee nie onbruikbare gawes nie.
- Ons gawes is egter ook uiters **waardevol**. Selfs die wonderlikste talent kan nie die waarde van jou Godgegewe gawe oortref nie. Selfs die geringste lid het daarom ontsaglike waarde.

En ons kan weereens dink aan die beeld van ’n liggaam. Al bestaan ’n liggaam uit verskillende lede, maak dit gesamentlik die liggaam op. Al verskil al die lede van ’n liggaam, is hulle almal ook nodig en belangrik.

- Die voet kan nie sê: “*ek is nie ’n hand nie, daarom is ek nie deel van die liggaam nie.*”
- Terselfdertyd mag die oog nie vir die hand sê: “*Ek het jou nie nodig nie.*”

God het vir ons elkeen ’n doel in sy kerk gegee. Sommige mense doen wonderlike werk wat sigbaar is en baie aandag trek. En tog moet hulle nie eer soek nie, maar hulle doen dit *vir Christus*. Daarteenoor is daar mense wat diensbaar is op ’n manier waarvan niemand bewus is nie. Tog is hulle **net so** noodsaaklik en eerbaar.

Dit gaan dus nie oor ons nie, maar oor wat God deur sy Gees in en deur ons doen. En dit bring ons na die tweede deel van ons belydenis.

2.3. Ons plig in Christus se Kerk:

Tot op hierdie punt het ons gefokus op wat ons as lede *ontvang* deur die ons gemeenskap met Christus. Maar ons belydenis rig ons aandag ook op 'n tweede punt:

God het aan elke gelowige sy Gees gegee en daarmee saam ook nodige en waardevolle genadegawes. Daarom het **ons almal en elkeen afsonderlik** die reuseverantwoordelikheid om ander daarmee te dien.

Ons gawes word nie aan ons gegee om onself te verryk nie. Ons mag dit nooit gebruik om onself daarmee te dien nie. In die liggaam van Christus gaan dit nie oor my belange nie, maar die belange van ander (Fil. 2:3-4). Keer op keer lê die Here die klem daarop dat ons **ander** en **mekaar** moet dien:

- 1 Korintiërs 12:7: *“Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee **tot voordeel van almal.**”*
- 1 Petrus 4:10 sê: *“As goeie bedienaars... moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, **die ander dien.**”*
- Efesiërs 4:16: *“Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”*

Daarom bely ons so mooi: Ons is elkeen **verplig** om ons gawes tot voordeel van die ander lede aan te wend. Maar dan word daar ook bygevoeg dat ons dit nie met 'n geklae en gekerm moet doen nie. God vra dat ons mekaar **ywerig** en **gewillig** dien. Ons moet dit ook nie met 'n swaar hart en hartseer gesig doen nie. Ons moet dit eerder met **vreugde** en **blydskap** doen. Jesus het immers gesê: *“Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.”*

2.4. Die gemeenskap van die heiliges:

Kom ons trek dan nou die gedagtes saam met 'n laaste beeld.

Dink vir 'n oomblik aan 'n groot feestelike geleentheid waar mense saamkom om te eet. Die kos en die drinkgoed is voorberei en daar is oorvloed; ja, meer as genoeg vir almal. Elkeen se plek is gereedgemaak en spesiaal vir hulle gedek.

Maar nie een van die gaste by hierdie fees verdien om daar te wees nie. Op 'n tyd was hulle almal vyande van die Gasheer. Hulle het Hom nooit liefgehad nie en het niks gedoen sodat Hy iets aan hulle moes teruggee nie. Tog is hulle almal saam daar, omdat die Gasheer uit sy groot liefde en genade hulle daarheen genooi het.

Maar noudat hulle almal uitgenooi is, sit hulle saam aan tafel. Almal kan eet en drink na hartelus en kuier vrolik met mekaar en die Gasheer. En soos die gebruik by 'n ete is, word die kos heen en weer na almal rondgestuur. Die een gee die bord aan die ander. Die beker word aangegee. Niemand aan die tafel is daar om alleen te eet nie. Wat hulle ontvang, ontvang hulle saam met die ander, en wat voor hulle is, gee hulle weer vir ander aan.

Op hierdie manier kan ons dan ook dink aan die *gemeenskap van die heiliges*.

- Deur die Heilige Gees en deur ons geloof word ons aan Christus verbind. Ons is lewende lede van sy liggaam. Ons deel in die onbeskryflike rykdom van sy genade, in sy lewe, sy hoop en sy gawes.
 - In liefde en genade het Christus vir ons die tafel gedek, ons na sy feesmaal uitgenooi en oorgenoeg voorgesit om te geniet. Ons ontvang almal saam, en elkeen afsonderlik alles uit sy hand.
- Maar ons sit nie alleen aan tafel nie. Ons sit saam met die ander lede van sy liggaam. En daarom ontvang ons nie net nie, ons gee ook. Ons ontvang nie net Christus se gawes nie, ons is ook verplig om dit aan te wend tot nut en voordeel van ander.

Ons sien hierdie gemeenskap veral aan die nagmaaltafel. Wanneer ons rondom die Here se tafel kom aansit, ontvang ons almal uit sy genade. Ons deel in die brood en die wyn wat ons aan Christus en sy offer herinner. Ons beleef weer sy genade op 'n tasbare manier in ons gemeenskap met ons Here.

Maar, ons het ook *saam met mekaar* gemeenskap met Christus. Die skinkbord met die brood en die beker met die wyn word geseën en aangegee. Ons het almal deel in Christus se skatte en gawes, maar ons is nogtans verplig om die bord en beker om te stuur. Ons deel nie net in die gemeenskap deur aan dieselfde tafel te sit nie, maar ook deur die gawes van Christus vir mekaar te gee.

Daarom, broers en susters. Wanneer ons nie ons plek inneem nie. Wanneer ons ons gawes vir onself hou en nie bereid is om ander te dien nie, is ons nie maar net *nalatig* nie. As ons nie as lewende lede van Christus se liggaam lewe nie, beroof ons die liggaam van Christus. Dit wat God aan ons behoort te gee tot opbou van sy liggaam, hou ons selfsugtig terug.

En 'n loot wat geen vrug dra nie, word afgekap en weggegooi om verbrand te word. 'n Ledemaat wat dood is en die liggaam siek maak, moet verwyder word.

3. Slot

Ek sluit af.

Geliefde, verstaan u die groot genade en eer wat ons het om te kan bely *dat ons deel is van die gemeenskap van die heiliges*. Maar, besef u daarmee saam *wat 'n reuseverpligting op ons rus om mekaar te dien met die gawes wat Christus deur sy Gees aan ons gegee het?*

My mening is dat ons gemeente en samelewing heeltemal anders sou lyk as ons werklik **verstaan** waaroor dit gaan en wat God van ons eis. Mag God ons deur sy Gees help om in die gemeenskap met Christus en mekaar te groei.

Amen